

# NUWE HISTORIESE AANWINSTE



'n 1916-Model-kasregister geskenk deur Lambons, Bloemfontein.



Stootwaentjie van 1935 geskenk deur mev. E. Gertenbach van Koffiefontein.

## SKOOLPROJEKTE Die Boesmans Veselglasskelet

'n Ryklik geïllustreerde boekie van sestien bladsye met teks in albei landstale oor die Boesmans is oor die verkoopstoonbank van die Nasionale Museum verkrygbaar teen 60 sent per eksemplaar (70 sent posvry). Hierdie boekie, wat onontbeerlik is vir skoolgebruik, is die eerste van 'n reeks wat onder die titel „Die Mens in Suider-Afrika” deur die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad uitgegee word. Verdere eksemplare in die reeks sal onder meer handel oor die Hottentotte, Xhosas, Zoeloes, ens.

### VESELGLASSKELET

*Nadat personeellede van die Museum hulle van raad bedien en demonstrasies oor giet-en glasveselwerk gegee het, het 'n groep leerlinge van die Sentrale Hoërskool onlangs hierdie veselglasreplika van 'n volledige menslike skelet vir hul Biologie-klaskamer gebou.*



(Foto: Die Volksblad.)



## ONS NUUSBRIEF — OUR NEWSLETTER

Een eksemplaar van elke uitgawe van die ses-maandelikse Nuusbrief word gratis aan alle Vrystaatse skole versend. Die name van vriende van die Museum, persone wat voorwerpe geskenk het of op die een of ander wyse besondere belangstelling in die Museum getoon het, word ook in die versendingslys opgeneem. Eksemplare is ook oor die verkoopstoonbank van die Museum beskikbaar. Skriftelike aansoek om eksemplare van die Nuusbrief moet gerig word aan: Die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein.

One copy of the newsletter will be mailed bi-annually to every school in the Orange Free State. Friends of the Museum, donors and others who have shown a particular interest in the Museum will also receive copies. In addition copies are also available at the sales counter in the foyer.

Written requests for copies should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein.

### VOORBLAD:

*Hierdie veselglasreplika van 'n volgroeiende olifantbul is pas voltooi en gedurende April vir besigtiging oopgestel. In die vorige uitgawe van die Nuusbrief is besonderhede oor die proses van vervaardiging gepubliseer.*

### COVER PICTURE:

*This fibreglass replica of a full-grown elephant bull has just been completed and will be open to the public from April. An article on the casting of the elephant appeared in the previous issue of this Newsletter.*